

**Uittreksel uit Wilhelm Verwoerd se *Bloedbande: 'n Donker Tuiskoms*
(Tafelberg, 2018, pp. 23-27)**

“Dit was die waagmoedige proteskuns van ’n jong aspirantskilder van die Verwoerdiaanse era wat my gehelp het om beter te verstaan waarom 6 September 1966 vir so baie mede-Suid-Afrikaners van regoor die land ’n dag sou wees om te dans.

Ek het sy kuns ontdek terwyl ek in Kaapstad vir die WVK gewerk het. Omdat die Anglikaanse St. George’s-katedraal net om die draai van my kantoor was, en omdat ek reeds tien jaar tevore polities en geestelik deur die NG Kerk ontnugter is, het hierdie katedraal my plek van aanbidding geword. ’n Dag nadat ek ’n “votive mass for reconciliation and healing” daar bygewoon het, skryf ek in my geestelike joernaal, my binneboek:

17 November 1997

Glenda Wildschut [’n WVK-kommissaris] kom sit onverwags langs my, links van my sit twee “African Africans”, agter my ’n familie met Indiër-gelaatstrekke. Ons bid saam om waarheid en versoening en verantwoordbaarheid voor God: ’n God – ons Vader en Moeder – van geregtigheid en liefde. Die bruin kannunik vertel van ’n priester in Frankryk wat hom om vergifnis gevra het vir alles wat Europa aan Afrika gedoen het terwyl hy ’n teken van die kruis in die kannunik se hand maak. Die kannunik nooi ons almal uit om ook ’n soortgelyke kruis in mekaar se hande te maak, maar ek kry dit nie reg nie.

Hoekom nie? Die uitnodiging het my onverwags gevang, my algemene skugterheid, die nadraai van ’n anderse NGK-spiritualiteit, ens. Maar ek was ook bang om die vergifnis wat ek soek te goedkoop, te maklik te maak – daar is te veel waarvoor ek om vergifnis moet vra. Of is ek te trots? Dalk vertrou ek nie ’n medemens om my te vergewe nie – soos PW Botha in gister se *Rapport* sê: “Ek bieë net teenoor God, ek vra verskoning vir my naaste”?

Dan stap ek terug van die trappies voor in die kerk waar ek nagmaal ontvang het en my oog val op die groot Swart Christus-skildery – met oupa Hendrik wat ’n spies in Albert Luthuli¹ se sy steek.

¹ Hoofman Albert Luthuli (1898-1967) was die president van die ANC van 1952 tot 1967. Hy was jare lank ingeperk, maar is wel in 1961 toegelaat om na Oslo te reis om die Nobelprys vir vrede in ontvangs te neem.



Opeens voel ek sterk dat daar vir my regtig te veel is om voor vergifnis te vra – die gesiglose apartheidsstelsel is skielik baie naby.

Op pad terug huis toe sien ek *Rapport* se onderhoud met PW Botha onder die opskrif: “Vat my hof toe!” Hy beskryf die WVK as die “Wraak en Vergelding Kommissie”, wat “Afrikaners uitmekaar dryf”. Volgens hom moet “ons Afrikaners” ophou om “aanmekaar verskoning te vra” . . . “ons moet ons selfrespek herwin” . . . “ons moet ons gelofte voor God by Bloedrivier nakom” as ’n “geroepe volk”.

Wat ’n verbluffende kontras.

Dis byna 20 jaar later en steeds slaan dié kontras my dronk. Tot vandag bly dit vir my buitengewoon om ’n swart mens in plaas van die tipies Westerse voorstelling van ’n “whitey in a nightie”² aan die kruis te sien. En ek sukkel steeds om daardie Romeinse soldaat met sy skerp spies en alte bekende gesig in die oë te kyk.

Dis ’n ontstellende skildery - ’n venster op die werklikheid van destyds én vandag; ’n werklikheid wat deur veral Verwoerd en Luthuli gesimboliseer word.

² Soos die skilder dit beskryf het. Sien Harrison, *The Black Christ*, pp. 25-26.

Ronald Harrison, die skilder, het geweet sy artistieke bydrae tot die bevrydingsbeweging sou 'n reaksie by die regering ontlok, maar hy het waarskynlik die intensiteit van die veroordeling uit Christelik-nasionale Afrikanerkringe onderskat. *Die Kerkbode*, spreekbuis van die (wit) NG Kerk, het die Swart Christus dadelik as godslasterlik gebrandmerk. *Die Burger* het onmiddellik gevra dat dit verban word en daar was geen tekort aan verontwaardigde maghebbers wat aan hierdie oproep gehoor gegee het nie. Die veiligheidspolisie kon egter nie verhoed dat die skildery landuit gesmokkel word nie³ en het die 22-jarige Harrison herhaaldelik ondervra en gemartel. Sy gesondheid het permanente skade gely.⁴

Harrison was bewus van die slaggat van godslastering, maar vir hom het dit nie om 'n vergoddelikende gelykstelling van Luthuli met Jesus gegaan nie. Sy skildery wou die onmiskenbare verband tussen die lyding van swart mense en dié van Christus voorstel. Die jong anti-apartheidskilder was in opstand teen die Afrikaanse Kinderbybel se prentjie van die "liewe Jesus" met sy ligte vel waarmee ek grootgeword het.

As ons Jesus in werklikheid as "een van ons" beskou, is dit inderdaad uiters moeilik om dié profetiese kritiek te hoor. Ook as mense soos Verwoerd en sy opvolger, John Vorster, nie net geliefde, gerespekteerde politieke leiers was nie, maar ook lidmate van "ons kerk", die NG volkskerk.

Die vergelyking van die onderdrukking van swart mense met die kruisiging van Jesus verleen 'n skerpte aan Harrison se kritiek, 'n diepte wat politieke en morele veroordeling te bowe gaan. Dit is 'n radikale bevraagtekening van mense soos ek se Christelike nasionalisme, se Christenskap. Want indien die Soldaat met die Spies in die skildery inderdaad mense soos ek verteenwoordig, en indien die swart leier aan die kruis in werklikheid 'n toepaslike plaasvervanger is, dan is wat deur Verwoerd en sy volgelingen aan Luthuli en sy mense gedoen is, ook aan Christus gedoen (Matt. 25:38-40). Selfs al was ek opreg in my Nederduits-Gereformeerde, Christelik-nasionale navolging van 'n (wit) Jesus is ook ek aandadig aan die herkruisiging van die Christus vir wie ek lief is.

³ Die skildery is in 1997 na Suid-Afrika teruggebring en het 'n vaste tuiste in die Nasionale Galery in Kaapstad gevind.

⁴ Harrison, *The Black Christ*, p 9.

Ek is toenemend oortuig dat die ontstellende profetiese uitroep van Harrison se skilderkwas rotsvaste bybelse begroning het. Maar hoekom voel dit vandag al weer soos verraad wanneer ek aan dié wekroep probeer gehoor gee? Iets in my skop teë. Ek kan nie van harte aanvaar dat Oupa ook daardie Soldaat met die Spies is nie. Dalk omdat die melk uit Oupa se hand en Pa se liefde vir sý pa dieper deur murg en been gedring het as wat ek wil toegee?

Ek kon oupa Hendrik nooit in my ouerhuis miskyk nie. Op 'n ereplek in die sit-eetkamer pryk steeds 'n byna lewensgroot skildery van dr. HF Verwoerd. Om die draai daarvan hang daar deesdae ook die Verwoerd-familiewapen wat my pa ontwerp het. As leuse het hy sy pa se bekende politieke slagspreuk gekies: "Skep u toekoms self." Elke beskikbare boek oor Hendrik Frensch Verwoerd staan in Pa se groot studeerkamer, op die rakke naby die groot erfstuklessenaar waarby dr. Verwoerd as eerste minister tot laatnag gewerk het.

My pa, 'n geologieprofessor, is 'n man van min woorde. As 'n tipiese Afrikanerman van sy tyd wys hy ook nie maklik emosie nie. Maar sy diepe bewondering vir sy pa was van kleins af vir my duidelik. Hy bly vasberade daartoe verbind om hom teen kritici te verdedig. Soos sy pa het pa Wilhelm nog al sy hare, deesdae net so gryswit. Die laaste ruk het 'n paar ouer mense teenoor my laat val: "Jou pa lyk darem baie soos dr. Verwoerd."

Behalwe vir die mylpaalverjaardae van ouma Betsie het ons nie dikwels as Verwoerdfamilie bymekaar gekom nie. Ek onthou vaagweg 'n familiesaamtrek op Stokkiesdraai vir Ouma se 75ste verjaardagviering. Ek was 12 jaar oud. Ons het as uitgebreide familie na 'n paar swart-en-wit films van Oupa se politieke loopbaan gekyk. Die derduisende mense wat op Jan Smuts Lughawe gewag het om hom en ouma Betsie terug te verwelkom nadat hy Suid-Afrika aan die Britse Statebond onttrek het, het veral 'n groot indruk op my gemaak. Ouma en sy kinders het ook vertel van sy toewyding en beginselvastheid as staatsman, sy warmte teenoor sy familie, sy besorgdheid oor die wel en wee van mense wat vir hom gewerk het.

Ons kleinkinders het gewoonlik Afrikaanse storieboeke as verjaardagpresente van Ouma Betsie gekry. Met die publikasie van GD Scholtz se uiters positiewe biografie in twee dele, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1966*, het sy vir elke kleinkind 'n eksemplaar gegee. Voor in volume 1 het Ouma geskrywe: "Aanskou die rots waaruit julle gekap is." (Jes. 51:1

Ek is ook uit dié rots gekap, onwrikbaar diep daarin veranker. 'n Gevoel van familieverraad is dus onvermydelik wanneer ek die Man van Graniet fundamenteel kritiseer. Maar ek

vermoed al meer dat my voortdurende innerlike ongemak met sy uitbeelding as die Soldaat met 'n Spies veral gewortel is in Oupa se bloedige einde. Hy het immers sy lewe “opgeoffer in diens van sy volk”. Ek is redelik seker dit is juis hierdie oorgelewerde binnekringbetekenis wat aan Oupa se vergote lewensbloed verleen is wat my steeds sleg laat voel om na die politieke bloed aan sy hande te wys.

Die tergende vraag is dus: hoe kan ek openhartig beweeg tussen die Soldaat met die Spies en die geëerde volksleier van my familiekring? Hoe kan ek terselfdertyd reg laat geskied aan oupa Hendrik se bloed in my are, aan dr. Verwoerd se “geheiligde” bloed vir sy volk én aan die apartheidsbloed op Verwoerd se hande?”